

Saam deur die storm

Daar is oomblikke wat jou herinner hoe vinnig 'n gewone dag kan verander. In Mei het een van daardie oomblikke in die vorm van 'n storm aangebreek. Terwyl die reën aanhou val het en die nuus van oorstromings, kragonderbrekings, skade aan Innovation for the Blind, asook die skole wat met ons verbind word, my bereik het was my gedagtes nie eerste by geboue, toerusting of die werk wat sou volg nie. Dit was onmiddellik by ons mense.

Toe die storm uiteindelik verby was, was daar een ding waaroor ek diep dankbaar gevoel het: **niemand het seergekry nie**. Die skade was aansienlik - bome het geval, geboue en infrastruktuur is beskadig, en elektrisiteit- en watervoorsiening is ontwrig. Tog, as ek terugkyk, is dit nie die skade wat ek die meeste sal onthou nie, maar wat daarna gebeur het. Byna onmiddellik het mense ingespring en eenvoudig gedoen wat nodig was — dikwels sonder dat iemand hulle eers moes vra.

Ons gemeenskap het opgevolg met inwoners oor hulle welstand. Ons instandhoudingspan het lang ure gewerk om areas te beveilig, dringende probleme aan te spreek en die enorme taak aan te pak om die skade te bepaal en herstelwerk te begin. Personeellede het veel verder as hul gewone verantwoordelikhede gegaan en inwoners gehelp met die praktiese take wat skielik soveel moeiliker was. Onverwags was een van my eie voorregte gedurende daardie dae om inwoners te help met eenvoudige take soos om hul winkels toe te neem om basiese benodighede te koop. Dit was so 'n doodgewone aksie, maar te midde van 'n paar buitengewone dae het daardie klein stukkies normaliteit op die een of ander manier selfs meer beteken.

Die breër gemeenskap het ook saamgespan rondom ons. Toe van ons inwoners sonder elektrisiteit was, het mense bestanddele geskenk sodat daar lekker warm sop voorberei kon word. 'n Vriend het ruimhartig 'n industriële kragopwekker aan ons geleen. Toe die watertoevoer onderbreek is, het die NG Kerk Audensberg sy deure oopgemaak en ons toegelaat om ons tenks uit hul watertoevoer vol te maak. Die munisipaliteit en hul kontrakteurs het onverpoos gewerk om die watertoevoer en elektrisiteit te herstel, terwyl Gift of the Givers ingespring het met 'n skenking van drinkwater. Selfs die versekeringsassessor het meer gedoen as wat van hom verwag is en kontakte gedeel wat ons gehelp het om 'n bekostigbare oplossing te vind vir die opruiming van 'n groot boom wat op een van ons koshuise by Langerugskool geval het.

Een van die dinge wat my dalk die meeste geraak het, was die manier waarop ons inwoners gereageer het. Daar was bitter min klagtes. In stede daarvan het mense mekaar gehelp, dit wat hulle gehad het gedeel en op een of ander manier steeds die beste van 'n ongemaklike situasie gemaak. Ons kon saam lag, kon grappe deel te midde van die chaos, en daardie wonderlik normale oomblikke het alles op een of ander manier weer hanteerbaar laat voel. Te midde van al die uitdagings, is ek herinner aan hoeveel wel staande gebly het en kon my hart rustig word. **Ons was veilig. Ons was omring deur mense wat omgee. Ek kon eenvoudig net die Here dank vir hoe ongelooflik geseënd ons was.**

In oomblikke soos hierdie word karakter en veerkragtigheid in die eenvoudigste dade van omgee geopenbaar. Die storm het ons met herstelwerk gelaat wat tyd sal neem, maar geboue kan gerestoureer word, toerusting vervang en mure herbou word. Wat dit onthul het, was baie meer waardevol: 'n gemeenskap wat omgee en mense wat eenvoudig vorentoe getree het en gedoen het wat nodig was.

Soms neem dit 'n storm om ons te herinner hoeveel mense langs ons staan. Aan elke persoon wat ons op enige manier gehelp of ondersteun het - **baie dankie**. Bo alles dank ek

ons Hemelse Vader dat elke inwoner en personeellid veilig deur daardie dae gekom het, en vir ons merkwaardige gemeenskap wat ons deur die storm gedra het.

Stephné Botha, *HUB*

Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is." **Romeine 8:28**

Binnelandse Sake Bring Belangrike Diens na Innovation for the Blind

Worcester se Departement van Binnelandse Sake het op 5 Maart Innovation for the Blind (IfTB) besoek om nuwe identiteitskaarte aan ons inwoners te oorhandig. Mnr. Ratshana en sy kollegas het die dokumente persoonlik op ons terrein aan die inwoners oorhandig en sodoende ons inwoners bemaagtig deur vir hulle die toegang te gee om hierdie belangrike dokument te verkry.

Business Brunch Bou Waardevolle Vennootskappe

Ons jaarlikse Business Brunch, wat op 11 Maart by Nuy on the Hill aangebied is, was weereens 'n hoogtepunt op ons kalender. Die geleentheid het sakeleiers, ondersteuners en vriende van die organisasie bymekaargebring vir 'n oggend van waardevolle gesprekke, netwerk-en nuwe perspektiewe.

Die bekende politieke ontleder Piet Croucamp het as gasspreker opgetree en sy kennis en insigte met die gehoor gedeel. Sy aanbieding het vir 'n interessante, insiggewende gesprek gesorg en die oggend besonder verryk.

Die sukses van die geleentheid was slegs moontlik danksy die ondersteuning van verskeie vennote. Ons bedank graag ons hoofborg, Efficient Wealth, vir hul volgehoue ondersteuning, The Habit Guest House vir Piet Croucamp se verblyf, Nuy on the Hill vir hul uitstekende gasvryheid en diens, en Nuy Winery vir die besondere geskenk wat aan ons gasspreker oorhandig is.

Aan elke persoon en onderneming wat deel was van hierdie geleentheid – baie dankie dat julle saam met ons belê in 'n toekoms waar persone met visuele gestremdhede kan groei, ontwikkel en floreer.

Musiek, Geloof en Gemeenskap by Worcester-Brandwag

Op 15 Maart het IfTB die voorreg gehad om die NG Kerk Worcester-Brandwag-gemeente te gaan besoek. Dit was 'n besondere geleentheid waartydens inwoners hul musikale talente met die gemeente kon deel en saam met hulle die Here kon loof en prys.

Die besoek was nie net 'n geleentheid om musiek te deel nie, maar ook om mense nader aan mekaar te bring en bewusmaking te skep oor die lewens van persone met visuele gestremdhede.

Ons spreek ons opregte dank uit teenoor ds. Danie le Roux en die gemeente vir hul hartlike ontvangs, liefde en ondersteuning. Sulke besoeke herinner ons telkens aan die waarde van geloof, gemeenskap en mense wat bereid is om saam 'n verskil te maak.

Douw Behaal Volpunte in Barista-opleiding

Nog 'n student het onlangs IfTB se informele barista-opleiding suksesvol voltooi. Douw van Brakel, 'n oudleerder van Pionierskool vir Siggestremdes, het die intensiewe tweewek-opleidingsprogram onder leiding van Suid-Afrika se eerste blinde barista, Joseph Matheatau, met groot onderskeiding afgehandel.

Douw het besondere toewyding en entoesiasme gedurende die opleiding getoon en sy harde werk is beloon toe hy 'n indrukwekkende 100% vir sy teoretiese eksamen behaal het.

Sy sertifikaat van voltooiing is deur IfTB se Hoof Uitvoerende Beampte, Stephné Botha, en Joseph Matheatau aan hom oorhandig.

Die barista-opleiding is daarop gemik om praktiese vaardighede te ontwikkel wat nuwe geleenthede vir onafhanklikheid en toekomstige indiensneming kan skep. Ons wens Douw van harte geluk met hierdie besondere prestasie en sien uit daarna om sy verdere groei te volg.

Brackenfell-Wes Besoek Innovation

'n Groep gemeentelede van die NG Kerk Brackenfell-Wes het IfTB op 24 Maart IfTB besoek om meer te leer oor die lewens van persone wat blind of visueel gestremd is.

Gedurende hul besoek het hulle die geleentheid gehad om meer te hoor oor IfTB se missie en visie, ons verskeie opleidingsprogramme te beleef en ook Refresh: Wellness and Barista Hub te besoek. Sulke besoeke speel 'n belangrike rol om bewustheid te skep, stigmas af te breek en nuwe verhoudings tussen gemeenskappe te vorm.

Ons bedank die gemeente vir hul belangstelling, oop harte en bereidwilligheid om meer te leer. Dit was vir ons 'n groot voorreg om julle by Innovation te verwelkom.

AVBOB Versprei Paasvreugde

Paasfees is 'n tyd van hoop, dankbaarheid en omgee - waardes wat mooi weerspieël is in AVBOB Worcester se verrassende besoek aan IfTB.

Soos die paashaas homself, het hulle ons tehuise se personeel kom bederf met 'n skenking van paaseiers. Hierdie eenvoudige, maar opregte gebaar het groot vreugde verskaf en ons personeel laat voel dat hul daaglikse toewyding raakgesien en waardeer word.

'n Spesiale woord van dank aan Ockert en Jackie Nel vir hul vrygewigheid en volgehoue ondersteuning. Julle goedhartigheid het gehelp om Paasfees vir ons personeel nog meer betekenisvol te maak.

Rawsonville Vryburgers Se Omgee Maak 'n Verskil

IftB is opreg dankbaar vir die ruim ondersteuning wat ons van die Vryburgers Rawsonville ontvang het. Sulke skenkings maak dit moontlik om ons inwoners steeds met gehalteprogramme, opleiding en ondersteuning te bemagtig.

Die betrokkenheid van organisasies en gemeenskapsgroepe soos die Vryburgers is 'n bewys dat omgee nie net in woorde lê nie, maar in daadwerklike ondersteuning wat 'n tasbare verskil in mense se lewens maak. En dit herinner ons dat elke bydrae, ongeag hoe groot, werklik 'n verskil in ons inwoners se lewens kan maak.

Ons spreek ons opregte waardering uit teenoor elke lid van die Vryburgers Rawsonville vir hul vrygewigheid en vertroue in ons missie. Julle ondersteuning help ons om aan te hou bou aan 'n toekoms waar persone met visuele gestremdhede die geleentheid kry om hul volle potensiaal te bereik.

Breiwilligheid-span Hekel Hoop vir Boland Hospice

Op 16 April het IfTB se Breiwilligheid-span die voorreg gehad om Boland Hospice in Worcester te besoek. Met die winter wat vinnig nader kom, het die span gebreide en gehekelde items, met liefde gemaak, aan die hospice oorhandig.

Hierdie projek gaan egter oor veel meer as serpe, komberse en musse. Elke produk/wol item vertel 'n verhaal van omgee, deernis en hoop. Vir die ontvangers is dit nie bloot 'n warm kledingstuk nie, maar 'n herinnering dat iemand aan hulle dink en hulle waardeer. Vir ons Breiwilligheid span is dit 'n geleentheid om ander te bemagtig en 'n klein bietjie hoop vir hulle te hekel.

Ons bedank die personeel van Boland Hospice vir hul hartlike ontvangs en elke persoon wat deur wol, tyd, vaardigheid en liefde hierdie projek moontlik maak. Saam bewys ons dat selfs die kleinste gebaar 'n groot verskil kan maak.

Liefde en Ondersteuning uit Australië

IftB spreek sy opregte dank uit teenoor John en Siegrid Jamieson van Australië vir hul ruim donasie aan die organisasie. Hierdie besonderse gebaar getuig van hul opregte liefde en omgee vir persone met visuele gestremdhede.

'n Woord van waardering gaan ook aan Johan en Linda Grobler van MegaVoice, wat die donasie namens Innovation tydens hul besoek aan Australië ontvang het. Hul bereidwilligheid om as ambassadeurs vir die organisasie op te tree, word opreg waardeur.

Dit is bemoedigend om te sien hoe mense, selfs oor landsgrense heen, deel word van ons verhaal en saam help om nuwe geleenthede vir ons inwoners te skep.

Gholfdag Bring Gemeenskap Bymekaar

Ons jaarlikse Gholfdag in samewerking met Pionierdrukkery by Worcester Gholffklub was weereens 'n groot sukses en het spelers, borge en ondersteuners vir 'n dag van sport, samesyn en fondsinsameling bymekaar gebring.

Die dag het vroeg afgeskop met heerlike ontbyt-pakkies gemaak deur Feedem, 'n warm koppie koffie en geskenk-pakkies wat aan al die deelnemers voorsien is. Die spanne het een vir een afgeslaan en deur die dag kon hulle kele nat maak by ons verskeie natgate. Na afloop van al die aksie het ons die dag afgesluit met 'n prysuitdeling, veiling en smullekker steakete.

Baie geluk aan Lifestyle Technology Solutions (LTS), wat as wenner van die dag aangewys is en met die trofee weggestap het.

Ons spreek ons opregte dank uit teenoor ons hoofborg, Optimum Financial Services Group, en NPO Pionierdrukkery vir hulle bystand en ondersteuning met die geleentheid. Ons is opreg dankbaar aan al ons borge en elke deelnemer wat hierdie dag spesiaal gemaak het. Julle betrokkenheid maak dit moontlik om voort te gaan om 'n verskil in die lewens van persone met visuele gestremdhede te maak.

Feedem se Opwipkoffiewinkel Weer 'n Treffer

Feedem se jaarlikse Opwipkoffiewinkel by IfTB se Danie Luckhoff Saal het weer vir 'n bruisende atmosfeer gesorg. Besoekers kon heerlike kos, verfrissende drankies, uitstekende koffie en pragtige dekor geniet terwyl hulle die unieke ervaring beleef het.

Soos elke jaar het die Feedem-span hulself oortref met deeglike beplanning en besondere aandag aan detail. Die geleentheid het nie net mense bymekaar gebring nie, maar ook die geleentheid geskep om die werk van IfTB op 'n informele en gesellige manier aan besoekers bekend te stel.

Ons bedank Feedem en almal wat agter die skerms gewerk het om hierdie dag so besonder te maak. Dit bly vir ons 'n groot voorreg om deel van hierdie jaarlikse inisiatief te wees.

Geloof en Gasvryheid by NG Gemeente Laaiplek

IftB het op 8 Junie die voorreg gehad om NG Gemeente Laaiplek te besoek. Die dag is gekenmerk deur hartlike gasvryheid, inspirerende lofprijsing en 'n betekenisvolle boodskap.

Die gemeente het ons met oop harte ontvang en ons inwoners die geleentheid gegee om hul talente en getuïenisse te deel. Ons bedank die gemeente vir hul liefde, ondersteuning en die heerlike eetgoed en verversings wat hulle voorsien het. Sulke ontmoetings herinner ons dat ware verbondenheid ontstaan wanneer mense bereid is om met hul harte te kyk en dankbaarheid uit te leef.

145 Jaar van Hoop, Opleiding en Onafhanklikheid

Op 15 Junie het ons 'n merkwaardige mylpaal gevier – 145 jaar van diens aan persone met visuele gestremdhede.

Sedert 1881 het die organisasie gegroei tot 'n dinamiese instansie waar individue bemaatig word om nuwe vaardighede aan te leer, onafhanklikheid te ontwikkel en hul volle potensiaal te bereik. Hierdie besondere mylpaal behoort aan elke inwoner, personeel, vrywilliger, donateur en ondersteuner wat oor die jare deel van ons reis was.

Terwyl ons met dankbaarheid terugkyk op 145 jaar van impak, sien ons met groot verwagting uit na die toekoms – 'n toekoms waarin nog meer persone met visuele gestremdhede geleenthede sal kry om te leer, te werk, te groei en met waardigheid onafhanklik te leef.

Innovation se Verhaal op RSG

IftB het in Junie nasionale blootstelling ontvang toe ons Hoof Uitvoerende Beampte, Stephné Botha, op RSG se program *Leefwêreld van die Gestremdes* met Fanie du Toit in gesprek was.

Die onderhoud het luisteraars 'n waardevolle blik gegee op die organisasie se ryke geskiedenis, die wye verskeidenheid dienste wat daagliks gelewer word en die betekenisvolle verskil wat Innovation in die lewens van persone met visuele gestremdhede maak. Daar is ook gefokus op een van die organisasie se nuutste projekte, die Beauty Therapy Institute (BTI), wat persone met visuele en addisionele gestremdhede bemaatig met geakkrediteerde opleiding en geleenthede om 'n loopbaan in die skoonheidsterapiebedryf te volg.

Hierdie blootstelling het gehelp om groter bewusmaking oor siggestremdheid te skep en die belangrike rol wat IfTB reeds vir 145 jaar in Suid-Afrika speel, met 'n wyer gehoor te deel.

Montana-leerders Ontdek 'n Nuwe Wêreld

Vyf Graad 10-leerders van Hoërskool Montana het in Junie twee dae by IfTB deurgebring as deel van hul Lewensoriëntering-gemeenskapsdiensprojek.

Gedurende hul besoek het hulle saam met inwoners aan verskeie aktiwiteite deelgeneem, nuwe vaardighede ontdek en eerstehands beleef dat 'n visuele gestremdheid nooit iemand se potensiaal bepaal nie. Ons is dankbaar vir die geleentheid om vir die jeug te wys dat deur moed, deursettingsvermoe en samewerking die stigmas van wat onmoontlik is, gebreek kan word.

In hul bedankingsbrief het die leerders geskryf dat die ervaring iets was wat hulle nooit sal vergeet nie. Dit is juis die waarde van sulke besoeke – wanneer begrip groei, perspektiewe verander en nuwe verhoudings gevorm word.

Worcester Museum Help Bou aan Begrip

IfTB was trots om deel te wees van Worcester Museum se vakansieprogram vir kinders, waar ons Oriënterings- en Mobiliteitspraktisyn, Sharon Goosen, 'n interaktiewe sessie aangebied het.

Deur praktiese demonstrasies het die kinders meer geleer oor hoe persone met sigverlies die wêreld met selfvertroue en onafhanklikheid navigeer, asook hoe om persone met visuele gestremthede te ondersteun. Die sessie het op 'n prettige en toeganklike manier begrip, empatie en inklusiwiteit by jong deelnemers bevorder.

Ons bedank Worcester Museum vir die uitnodiging en vir die waardevolle rol wat hulle speel om leergeleenthede vir die jeug in ons gemeenskap te skep.

Kook & Geniet Vier Mandeladag deur Hoop Uit te Deel

Nelson Mandeladag is wêreldwyd 'n geleentheid om 67 minute van jou dag af te staan en ander te dien, en by IfTB het die inwoners van die Kook & Geniet-program hierdie dag op 'n besondere manier gevier.

Op 18 Julie het hulle vars voorbereide sop by die Worcester Dagsorgsentrum en Awendrus-tehuis vir bejaardes uitgedeel. Die projek het nie net warm maaltye verskaf nie, maar ook warmte, omgee en hoop na die gemeenskap gebring.

Hierdie inisiatief is 'n mooi voorbeeld van hoe ons inwoners nie slegs ontvangers van ondersteuning is nie, maar self 'n betekenisvolle verskil in ander se lewens maak. Deur eenvoudige dade van diensbaarheid leef die nalatenskap van Nelson Mandela voort en word die boodskap bevestig dat elkeen die vermoë het om 'n verskil te maak.

Innovation se Jaarlikse Basaar Bring Mense Bymekaar

Op 1 Augustus het die IFTB-terrein behoorlik gegons! Van vroeg af was daar 'n vrolike mengsel van lag, gesels, heerlike kos en mense wat eenvoudig die dag saam kom geniet het.

Met iets vir almal – van lekker eetgoed tot unieke handgemaakte produkte – was daar deur die dag 'n besondere gevoel van samesyn. Vriende, families, ondersteuners, vrywilligers, personeel en ons inwoners het almal deel geword van 'n dag wat oor veel meer as net fondsinsameling gegaan het.

Die Basaar was 'n viering van gemeenskap, hoop en die ongelooflike vermoëns van persone wat blind of visueel gestremd is. Dit was 'n herinnering aan wat kan gebeur wanneer mense hul tyd, talent en ondersteuning saambring vir 'n saak wat werklik saak maak. Aan elke persoon wat kom kuier, ondersteun, help of eenvoudig deel van die dag was – baie dankie! Julle het gehelp om van hierdie jaar se Basaar 'n besondere dag te maak

VIA en Carte Blanche besoek Innovation

Die aktualiteitsprogram **Carte Blanche** het Innovation for the Blind besoek as deel van hul insettel oor Annalize Thiar van Worcester, met besondere fokus op **Anna Beleef-koffiewinkel** en **Tiaan van Zyl** van Innovation se merkwaardige pad ná 'n beroerte en die verlies van sy sig.

Soos Annalize sê: Vir baie mense is dit dalk net koffie, maar vir haar is dit soveel meer. Dit is 'n droom wat stadig maar seker vorm aanneem. Dit is betekenisvolle werk vir siggestremde mense wat elke pakkie met trots verpak. Dit is hoop. Dit is geloof. Dit is mense wat besluit om op te daag en mekaar te ondersteun.

Baie dankie aan Annalize vir alles wat sy vir Innovation beteken en doen.

Op die **VIA-kanaal** vir die program **Verander jou Siening** is daar ook onlangs 'n besondere verhaal gedeel, waar **Suretha Burger** van Innovation for the Blind 'n onderhoud gevoer het oor haar lewe by Innovation, die uitdagings wat sy oorkom het en alles wat sy hier bereik het. Haar verhaal is een van hoop, deursettingsvermoë en oorwinning – 'n herinnering dat 'n mens se omstandighede jou nie hoef te definieer nie.

Van die Carte Blanche- en VIA-kameras tot elke inwoner: elke verhaal help om 'n groter droom te bou – 'n droom van waardigheid, geleenthede, hoop en 'n beter toekoms vir persone met siggestremdheid.